
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**10 Julie 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:30** **PREDIKER: ds Kobus van Tonder**

## Woordbediening

**Skriflesing:** Eks 28:1-14 en Num 15:31-35
**Teksverse**: Eks 28:34, 35 en Num 15:40, 41
**Boodskap:** Leef ootmoedig, jou lewe is altyd omring deur die Wet

## Kollektes : 10 Julie 2022

- Diakonie
- Erediens-onderhoud

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Ons doen die meer weens Covid 19 nie, maar as `n geleentheid om die woordbediening uit te brei. Lidmate kan tydens na die erediens daarop inskakel. Gaan na YouTube en soek Gereformeerde Kerk Noordrand.

## Teeskink:

26 Junie tot 10 Julie: Geen tee – skoolvakansie
17 Julie: Jeanne Prinsloo; Angeret Breedt
14 Julie: Duborette Louw; Johanna Hall
21 Julie: Leatitia van Wyk; Marie Oosthuizen

## Dankbaar – komberse

Baie dankie vir elke lidmaat wat 'n kombers gebring het verlede Sondag. Die diakens het met die uitdeel daarvan dankbaarheid in oorlvloed van die ontvangers beleef.

Diakonie Noordrand

## Kerk Whatsapp

Die kerk het 'n nuwe whatsapp nommer (066 546 1463). Stoor asb hierdie nommer op jou foon. Ons sal nou meer gereeld van whatsapp boodskappe gebruik maak om inligting deur te gee.

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**13 Jul:** Jeanie Pistorius;
**14 Jul:** Marthie Naudé;

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## Wysheid uit Spreuke

Spreuke 24:9
'n Dwaas se geknoei loop op niks uit nie;
mense verafsku 'n ligsinnige mens.

## Gedagte vir die dag

Ek gaan nie langer God se grootste geskenk in 'n laaikas iewers in my lewe wegbêre nie, ek gaan sy liefde elke dag gebruik.

*– Stephan Joubert –*

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**WHATSAPP:** 066 546 1463
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

**BYDRAES EN DONASIES**

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

## “Onthou jy my?” Of is die vraag eerder: “Onthou Ek jou?”

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

“Onthou jy my?” Ek moet sê, ek vrees hierdie vraag. Dikwels moet ek al teenoor sulke vraagstellers erken dat my geheue my in die steek gelaat het. As ek in mense vasloop wat ek veronderstel is om te ken, maar ek doen nie, is ek aldag verleë. In elk geval, eendag in die toekoms gaan hierdie einste vraag: “onthou jy my?” baie gewild wees. Jesus sê in Matteus 7 dat baie mense hierdie vraag vir Hom gaan vra op die heel laaste dag. Hulle sal by Hom wil weet of Hy nog weet wie hulle is. Dan gaan ‘n klompie vraagstellers selfs uitbrei hierop deur vir Jesus te vertel hoedat hulle al wat ‘n godsdienstige byeenkoms is, bygewoon het. En hoedat hulle graag oor Jesus se groot dade gepraat het en hoedat hulle selfs wonders gedoen het. Maar dan sal daar ‘n hemelse reaksie volg wat hulle glad nie verwag het nie. Jesus sal vir baie van hierdie vraagstellers sê: “Ek ken jou nie.” Die rede: “Jy het nooit God se geregtigheid nagejaag en Sy wil gedoen nie.” Maak dus betyds seker dat so ’n verleentheid jou nooit oorkom nie. Ken Jesus reg. Dien Hom reg. Dan sal Hy jou vir altyd onthou.